die JESUS film

VERDUIDELIKING VAN DIE FILM

Gedurende die tweede, derde en vierde aand se vertoning.

'n Goeie sakeman weet watter verskonings en rookskerms 'n klient moontlik mag maak. Om hierdie objeksies te voorkom, kry hy soveel kennis moontlik oor die onderwerp. Wanneer hy dan die voorlegging maak, dek hy die vrae en antwoorde VOORDAT die klient die geleentheid het om te vra en besware aan te teken.

Op dieselfde wyse, wanneer ons weet watter vrae die gehoor gewoonlik oor die JESUS-film vra, kan ons die verduideliking en antwoorde gee VOORDAT daardie gedeelte van die film vertoon word. Plaas jouself in die posisie van die kykers (kliente), vra jouself hulle vrae en beantwoord dit dan.

HOE PRESIES HIERDIE GEDOEN WORD, SAL AFHANG VAN DIE SAMESTELLING EN DIE INTELEKTUELE VLAK VAN DIE SKARE.

'n Goed voorbereide inleiding en afsluiting mag al wees wat nodig is vir 'n goed ingeligte groep. Nietemin moet hulle vrae oorweeg en op dieselfde wyse as enigiemand anders hanteer word.

'n Goed voorbereide inleiding TOT ELKE ROL, vestig die gehoor se aandag op belangrike waarhede wat in die rol volg. (Veral geskik vir hoërskool leerlinge, jeuggroepe, en ander.) Die verduideliking moet akkuraat en duidelik wees. Dit kan gedurende die ruil van rolle geskied. Waar die mense minder ingelig is, word meer verduideliking benodig. Stop die film en gee die verduideliking alvorens die gebeurtenis homself voor hulle afspeel. Gedurende 'n tweede en derde vertoning kan die klank afgedraai word terwyl die tolk die verduideliking doen.

BIND DIE SKARE AAN JOU DEUR DINGE AAN HULLE DUIDELIK TE MAAK.

Snitte wat verduideliking benodig.

ROL EEN

[4'] 1.1 Hoekom was Jesus uit 'n maagd gebore? (Luk 1:31, 34, 35)

* GOD SELF PLANT DIE SAADJIE IN MARIA SE LIGGAAM = DAAR HET DUS NIE 'N MAN BY HAAR GESLAAP NIE.

● DIE MENS IS IN ERFSONDE GEBORE EN OP PAD NA DIE HEL.

- GOD SELF BEWERK ONS REDDING = SY SEUN JESUS, (WAT SONDER SONDE WAS), HET VIR ONS SONDES GESTERF.
- HY MOES NOODWENDIG IN MENSRAS INGEBORE WORD OM SODOENDE VIR DIE MENSRAS IN DIE BRES TE KON TREE.

[5'3"] 2.1 Hoe is dit moontlik dat ons Jesus in die film as 'n klein baba sien, en ewe skielik is hy 12 jaar oud? (Mense wat nie gewoond is aan toneel- en tydveranderings nie, ondervind probleme hier, omdat hulle nie die baba sien groei het nie.)

* IN 'N FILMVERTONING SOOS HIERDIE = NIE WERKLIKE GEBEURE VERFILM NIE, MAAR TONEELSPELERS WAT 2000 JAAR LATER DIE ROLLE VERTOLK OM DIT VIR ONS VERSTAANBAAR TE MAAK.

[7'] 3.1 Hoekom het die groot harige man (Johannes die Doper), die mense onder die water ingedruk? (Luk 3:3, 7)

* MENSE GEDOOP

3.2 Wat is die doop van bekering?

* SIMBOLIES = AFWAS (STERF) VAN DIE SONDE EN OPSTAAN IN DIE NUWE LEWE IN CHRISTUS AS NUWE MENS.
* DIE WATER WYS NA DIE BLOED VAN JESUS VIR ONS GESTORT.

- AS NUWE CHRISTENE MOET JULLE OOK GEDOOP WORD.

3.3 Hoekom was Jesus gedoop deur Johannes, terwyl Hy geen sonde gehad het en niks om Hom van te bekeer nie? (Luk 3:21)

* JESUS HET AS MENS NA DIE AARDE GEKOM.
  GOD VERHEERLIK HOM = ENGELE Sê: "MY GELIEFDE SEUN IN WIE EK 'N WELBEHAE HET."
* OM DIE WET TE VERVUL.

[11'] 4.1 Hoekom was Jesus in die woestyn versoek? (Luk 4:1-13)

* JESUS WAS OOK MENS, DAAROM WAS HY OOK BAIE MOEG NA VEERTIG DAE VAS. DIE SATAN HET GEWEET DIT IS 'N GOEIE GELEENTHEID OM HOM NOU TE VERSOEK.
  ('N MENS WAT MOEG IS GEE MAKLIK TOE AAN VERSOEKINGE.)

- INDIEN JESUS SOU TOEGEE EN SATAN AANBID --- DAN WAS ALLES VERNIET EN SOU DAAR VIR ONS GEEN REDDING WEES NIE.

4.2 Hoekom word Satan as 'n slang uitgebeeld?

* HY WORD IN DIE PARADYS SO UITGEBEELD. (GENESES 3)
* DIE SLANG VERSINNEBEELD DIE DUIWEL. (OPENBARING 12:9; 20:2)

4.3 Hoe kon die slang dit regkry om te praat?

* DIE SATAN PRAAT DEUR DIE SLANG.

[14'] 5.1 Hoekom het die mense van Nasaret probeer om vir Jesus van die krans af te gooi? (Luk 4:16-30)

* HULLE WOU NIE DIE WAARHEID HOOR NIE. (JES 61:1,2)
* DIE MENSE HET JESUS NIE AS VERLOSSER AANVAAR NIE.
* HULLE WOU HULSELF NIE VAN HUL VERKEERDE WEë BEKEER NIE. & JESUS WAS DAAROM VIR HULLE 'N GROOT BEDREIGING.

● SEKERE VAN JULLE MENSE HIER, GLO STEEDS NIE IN JESUS NIE. VANAAND GAAN ONS WEER VIR JOU 'N GELEENTHEID GEE OM JESUS IN JOU LEWE IN TE NOOI.

[18'] 6.1 Hoe het Jesus krag om wonderwerke te doen bv. om so baie visse te vang en mense uit die dood op te wek? (Luk 5:1-11)

* HOEWEL HY 100% MENS IS, IS HY OOK 100% GOD.
* AS GOD KAN HY WONDERWERKE DOEN.

● SOOS IN PETRUS SE GEVAL, WIL HY OOK VAN JOU 'N VISSER VAN MENSE MAAK. HY WIL OOK Hê DAT JY SIELE VIR HOM MOET WEN.

[20'] 7.1 Wat was verkeerd met Jairus se dogtertjie? (Luk 8:40-56)
(Jesus sê dat hulle nie so moet huil nie, want sy is nie dood nie, sy slaap net.)

* SY WAS DOOD.
* DOOD IS VIR GOD SOOS SLAAP, HY HET MAG OOR DIE DOOD.

● EENDAG GAAN ELKEEN VAN ONS UIT DIE DOOD OPSTAAN:
- PARTY TOT DIE EWIGE VERDOEMENIS EN HEL.
- ANDER TOT DIE EWIGE LEWE SAAM MET CHRISTUS.
- WATTER EEN GAAN JY WEES?

ROL TWEE

[29'30''] 1.1 Wie was die vrou wat op Jesus se voete gehuil het? (Luk 7:37-44)

* 'N SLEGTE STRAATVROU = SY HET 'N SONDIGE LEWE GELEI. SY HET HAAR GELD MET HAAR LIGGAAM VERDIEN.

1.2 Hoekom het sy na Jesus gekom vir hulp?

* SY HET HAAR SONDE BESEF EN GEWEET DAT DIT VERKEERD IS.
* SY HET GEWEET DAT HY DIE MESSIAS IS, EN DIE ENIGSTE EEN WAT

HAAR KAN HELP.

1.3 Wat het Jesus vir haar gedoen?

* HAAR BAIE SONDES VERGEWE.
  DAAROM BEWYS SY OOK BAIE LIEFDE AAN HOM DEUR SY VOETE MET HAAR TRANE TE WAS.

- JESUS CHRISTUS KAN EN WIL OOK AL JOU SONDES TOTAAL VERGEWE.
- ERKEN DIT, WEES JAMMER DAAROOR, VRA HOM OM VERGIFNIS EN DRAAI WEG DAARVAN.

[38'] 2.1 Hoe het Jesus mag om die storm op die see stil te maak? (Luk 8:24,25)

* ALHOEWEL MENS, IS JESUS OOK GOD EN DAAROM KAN HY DIT DOEN.

- OMDAT ONS SY KINDERS IS, HET HY GESê, SAL ONS SELFS GROTER DADE AS HY DOEN. (Johannes 14:12)

2.2 Hoe sal jy 'n boot en 'n meer beskryf aan iemand wat dit nog nooit gesien het nie?

[39'30"] 3.1 Wat is die verskil tussen demone, bose geeste en die satan? (Luk 8:26-39)

* **DEMONE:-** BOSE WESENS WAT MENSE BEHEER EN BESET. (HULLE IS OP DIESELFDE VLAK AS DIE SATAN.)
* **BOSE GEESTE**:- BOODSKAPPERS VAN DIE BOSE. (HULLE KOM EN GAAN.)
* **SATAN**:- DIE OPPERSTE VAN DIE BOSE. HY WAS EERS 'N ENGEL VAN GOD WAT GEREBELLEER EN UIT DIE HEMEL GEGOOI IS.

3.2 Wat dink hierdie bose magte van Jesus en wat weet hulle van Hom?

* HULLE KEN JESUS.
* HULLE WEET ALLES VAN HOM - DAT HY DIE SEUN VAN GOD IS.
* WEET DAT HY MAG OOR HULLE HET.
* HULLE WEET OOK DAT DIE HEL HULLE VOORLAND IS.

- ONS WEET BESLIS DAT HY WAT IN ONS IS (JESUS), STERKER IS AS HY WAT IN DIE WêRELD IS (DIE SATAN).
- JESUS HET DIE SATAN OORWIN. DEUR JESUS SE OORWINNING, SAL ONS EENDAG DIE EWIGE LEWE BEERWE.

3.3 Wat is die verskil tussen "uitdryf van duiwels" in die Naam en krag van Christus, en die godsdienstige seremonies en medisynes wat deur die toordokters teen bose geeste gebruik word?

* DUIWELS WORD MET DIE HOOGSTE GESAG IN DIE NAAM VAN JESUS CHRISTUS UITGEDRYF.
* TOORDOKTERS, AS OKKULTIESE WERKTUIE, DOEN DIT MET DIE KRAG VAN DIE DUIWEL SELF.

3.4 Hoekom het Jesus die duiwels in die varke ingestuur?
* (LUK 8) DEMONE VRA DIT EN JESUS VERLEEN SY TOESTEMMING.
* DIT WYS DAT HULLE SY KRAG EN MAG **BO HULLE EIE** ERKEN.

3.5 Waarom het Jesus die varke vernietig en daarmee saam die besigheid van hulle eienaar?
* JESUS WYS VIR ONS DAT MENSE BAIE MEER WERD IS AS DIE VARKE.
* AARDSE BESITTINGS IS WAARDELOOS IN VERGELYKING MET 'N SIEL. (VIR DIE MEESTE MENSE IS AARDSE BESITTINGS EGTER ALLES.)

3.6 Hoe het Jesus krag om dit te doen?
* HY IS GOD EN AAN HOM IS ALLE MAG IN DIE HEMEL EN OP DIE AARDE GEGEE. (MATT 28:18)

- EK EN JY, AS WEDERGEBORE KINDERS VAN DIE HERE, HET OUTORITEIT OOR DIE DUIWEL, IN DIE NAAM VAN JESUS CHRISTUS.
- (Jakobus 4:7): "WEERSTAAN DIE DUIWEL EN HY SAL VAN JOU VLUG."

[42'] 4.1 Hoe het Jesus krag om die brode en die vissies te vermeerder? (Luk 9:10-17)
* SY GODDELIKE KRAG WYS DAT HY DIE SEUN VAN GOD IS.

4.2 Hoekom het Hy dit gedoen?
* HY HET JUIS GEKOM OM HONGER EN DORS TE LES. (JESAJA 55)

- JESUS Sê DAT INDIEN JY IN HOM GLO, SAL "STROME VAN LEWENDE WATERS UIT JOU BINNESTE VLOEI."

5.1 Hoekom het Jesus "wit" geword terwyl hy op die berg was? (Luk 9:29)
* WIT GLANS IS DIE KLEUR VAN HEILIGHEID EN TEENWOORDIGHEID VAN GOD. (HEMELSE GLANS)

6.1 Hoe bewys die onderrig en aksie in hierdie rol dat Jesus, in ooreenstemming met Sy naam (Redder van die wereld), leef?

ROL DRIE

[59'] 1.1 In watter opsig leer die verhaal van die Barmhartige Samaritaan ons hoe om rassehaat en verskille tussen stamme te hanteer? (Luk 10:25-37)
* IN JESUS IS ALMAL GELYK. (GEEN RAS- EN STAM GRENSE NIE.)

[1h3'] 2.1 Watter verandering was daar in die lewe van Saggeus, wat bewys dat hy tot bekering gekom het? (Luk 19:1-10)

* HY HET SKULDIG GEVOEL TOE HY BESEF DAT HY 'N SONDAAR IS.
* HY GEE DIE GESTEELDE GELD TERUG. GELD WAT HY AFGEPERS HET GEE HY VIERDUBBEL TERUG. GEE DIE HELFTE VAN ALLES AAN DIE ARMES.

● ONS MOET OOK VANDAG ONS SONDES BELY, VERANDER EN REGMAAK WAAR ONS VERKEERD GEDOEN HET.

[1h7'30"] 3.1 In watter opsig is die tempel verontreinig, sodat Jesus die tafels omgekeer en die diere losgelaat het? (Luk 19:45,46)

* DIE MENSE HET HANDEL GEDRYF IN DIE HUIS VAN DIE HERE - WAT 'N PLEK VAN AANBIDDING WAS.
* UITBUITERY:- OMRUIL VAN GELD NA TEMPELGELD VOORDAT DIE DIERE OORGEKOOP WORD.

3.2 Hoekom het Hy dit gedoen?

* GOD SE EER WAS AANGETAS.

[1h9"] 4.1 Hoekom wou die godsdienstige leiers Jesus doodmaak?

* HULLE WOU NIE VIR JESUS AANVAAR NIE, WANT HY WAS VIR HULLE 'N BEDREIGING GEWEES.
* DIE WARE GODSDIENS KOM DEUR JESUS SE OPTREDE TOT SY REG, EN HULLE SAL NOU AANSIEN VERLOOR.

[1h20'30"] 5.1 Hoekom het Judas Jesus verraai? (Luk 22:47,48)

* DIE LIEFDE VIR GELD HET HOM DAARTOE GEDRYF -- GELDGIERIG -- HY HET OOK DIE BEURS GEDRA.
* JUDAS HET TOEGELAAT DAT DIE DUIWEL BEHEER OOR HOM NEEM.

5.2 Hoekom het God Judas hel toe gestuur as Hy geweet het dat hy Jesus gaan verraai?

* GOD HET HOM NIE HEL TOE GESTUUR NIE:- DIT WAS SY EIE KEUSE. (HY KON WEER TOT BEKERING KOM, MAAR HY WOU NIE.)

5.3 Wat is die verskil tussen Petrus en Judas se optrede nadat hulle vir Jesus verraai net?

PETRUS * (MATT 26:69-75) OOK VIR JESUS VERRAAI, MAAR HY HET DIE SAAK REGGESTEL - BEROU GEHAD.

JUDAS * (MATT 27:3-10) HY BESEF SY FOUT EN DAT JESUS DOODGEMAAK GAAN WORD -- GAAN PRAAT MET DIE PRIESTERHOOFDE. HULLE GEE HOM NIE SY SIN NIE -- WAARNA HY DIE GELD NEERGOOI EN HOMSELF GAAN

OPHANG - GEEN BEROU.

5.4 Wat beteken dit dat die Satan Judas binnegegaan het?

* JUDAS STEL HOMSELF OOP VIR DIE SATAN.
  (HY LAAT DUS DIE SATAN TOE OM BEHEER OOR TE NEEM.)

- ONS MOET OPPAS DAT DIE LIEFDE VIR GELD EN ANDER AARDSE BESITTINGS NIE VIR ONS BELANGRIKER WORD AS ONS LIEFDE VIR GOD NIE.
- BAIE GOEIE MENSE HET AL IN HIERDIE STRIK VAN DIE SATAN GEVAL.

_____

6.1 Hoe verduidelik die laaste avondmaal waarom Jesus moes sterf?

* JESUS WYS DAT SY LIGGAAM EN BLOED DIE SONDE KAN WEGNEEM.
* IN DIE OU TESTAMENT WAS DIE LAM SE BLOED NOODSAAKLIK OM DIE SONDES TE VERGEWE.

OU TEST. HULLE MOES JAARLIKS OFFER = NOOIT WERKLIK VRY GERAAK VAN DIE SONDE NIE. (PRIESTER MOES NAMENS HULLE OFFER.)

NUWE TEST. SLEGS EEN OFFER WAS VOLDOENDE (JESUS SE KRUISDOOD) = 'N VERDERE OFFER IS NOOIT WEER NODIG NIE. (JESUS IS DIE VOLMAAKTE EN GENOEGSAME OFFER IN GOD SE Oë.)

- INDIEN JY VANDAG VIR JESUS IN JOU LEWE BINNENOOI, IS DIE VOLLE PRYS VIR AL JOU SONDES REEDS TENVOLLE BETAAL EN AAN DIE KRUISHOUT VASGESPYKER. JY KAN VERSEKER WEET DAT JY DIE EWIGE LEWE HET. DIE BYBEL Sê: "WIE DIE SEUN HET, HET DIE EWIGE LEWE."

ROL VIER

1.1 Hoeveel keer het Pilatus gesê dat hy geen fout in Jesus vind nie?

_____

1.2 Hoekom het Pilatus Jesus laat slaan en Hom aan die Jode oorgegee om gekruisig te word?

_____

2.1 Wat het Jesus bedoel toe Hy vir die dief gesê het: "Vandag sal jy saam met my in die paradys wees."

3.1 Hoekom het dit donker geword en het die storm gekom toe Jesus gesterf het?

_____

4.1 Jesus het aan die kruis gesterf. Wat het Hy bedoel toe Hy gesê het: "Niemand neem dit van my af nie, maar ek lê dit uit Myself af. Ek het mag om dit af te lê, en Ek het mag om dit weer op te neem." (Johannes 10:18)

4.2 Hoe is dit vandag op ons van toepassing?

_____

5.1 Wat is die doel van Jesus se dood, begrafnis en opstanding?

_____

6.1 Hoe weet ons dat Jesus werklik gesterf het en begrawe was?
(Moslems en ander sê Hy is nie dood nie, en dat Hy ontsnap het uit die graf.)

_____

7.1 Stamme wat nie hul dooies begrawe nie, vra hoekom het hulle Jesus in 'n kamer gesit as Hy regtig dood was? Die rede daarvoor, sê hulle, is aangesien Hy nie dood was nie.

_____

8.1 Wie was die man wat hulle doodgemaak het om die film te kon maak?

_____

Pieter Brits
There is Hope Ministries
5de Laan 155, Kleinmond. 7195
Tel/Faks: (028) 271 5124
pieter@hope365.co.za